‘Maak dié speelgoed veiliger’

Pa (32) dra doek ná ongeluk op 4-wiel

LIZEL STEENKAMP
Steelpoort en Johannesburg

'n Pa van twee dogtertjies sal moontlik nooit weer kan werk nie weens die breinskade wat hy tydens 'n vierwiel-motorfiets-ongeluk opgedoen het.

Mnr. Jaco Meyburgh (32) van Brakpan is vier maande ná die ongeluk in 'n rehabilitasiesentrum. Hy kan nie loop nie, kan nie self eet nie en dra 'n doek, sê sy vrou, Leann.

Meyburgh het in April breinbeserings opgedoen toe hy en vriende met hul vierwielfietse op mynhope gery en hy geval het. Anders as tevore het hy nie 'n valhelm gedra nie en hy was daarna twee weke lank in 'n koma.

“Hy het beserings aan die regterkant van sy brein. Hy herken ons en sy familie, maar by tye praat hy baie deurmekaar.”

“Die dokters kan nie sê of hy gaan regkom nie. Hy is soos 'n kind. Ons weet nie of hy weer sal kan werk nie,” sê Leann.

Sy sê Jaco was altyd versigtig op sy vierwielfiets en sy was voorheen nie teen dié stokperdjie gekant nie. “Maar my kinders sal nóóit weer op dié goed ry nie.”

Die Richards-gesin van Steelpoort in Mpumalanga is nog 'n gesin wat twee jaar ná 'n vierwielfiets-ongeluk steeds mediese uitgawes het.

Klein CJ Richards se verhaal het die land in April 2005 aangegryp. Sy onderkaak is tydens die ongeluk uitgeruk toe hy en 'n maat deur 'n doringdraad gery het. Sy onderkakebeen is 'n dag later op 'n miershoop in die veld gekry en tydens 'n operasie in die Unitas-hospitaal in Centurion teruggeplant.

CJ se kakebeen het intussen aangegroei en die hegstukke is in Januarie verlede jaar uitgehaal. Maar hy sit steeds sonder tien tande – nege onder en een bo. Die inplantings wat dié gate moet vul, kan eers gedoen word wanneer CJ klaar gegroei het.

Dié tenger veertienjarige onthou die ongeluk goed.

“Ek het iets warms in my gesig gevoel. Toe ek vir my vriend kyk, het hy geskreeu. Toe het ek geweet iets is verkeerd.”

Twee jaar ná 'n grusame vierwielfiets-ongeluk kan die Richards-gesin van Steelpoort in Mpumalanga weer lag. CJ (voor) was twaalf jaar oud toe 'n doringdraad sy onderkaak uit sy mond geruk het. Dié is 'n dag later in die veld gevind en teruggeplant. By JC is sy pa, Willie, sy ouma Jakkie en sy ma, Anne-Marie.
Foto: LOANNA HOFFMANN

Die twee seuns het ná die ongeluk teruggeklim op die vierwielfiets en huis toe gery.

“Ek het gedink ek gaan dood,” onthou CJ.

Hy het 6 ℓ bloed verloor.

Die enigste sigbare tekens van die ongeluk is 'n winkelhaak-letsel aan CJ se regtermondhoek en die draadjies in sy mond.

Ná 'n wyle besef jy hy lag nie soos ander kinders uit sy maag en met 'n oop mond nie. Hy speel deesdae eerder op die tromstel in sy kamer.

Dit is hoe jy op 'n vierwiel-motorfiets pret het: met 'n behoorlike valhelm, bril, handskoene, stewels en beskermende klere. Dié fietse mag nie op openbare paaie gebruik word nie en as jy op private grond ry, moet dit met die eienaar se toestemming en medewete wees. Kinders móét onder toesig van 'n volwassene ry.
Foto: QUAD24

Gevaarlike fietse eis baie lewens

Dié mense is die afgelope 15 maande in vierwiel-fiets-ongelukke dood:

- Mnr. Joseph Jongwe, 'n vragmotorbestuurder, is in Maart dood nadat hy vir twee vierwielfietse op 'n openbare pad in Tarlton aan die Wes-Rand uitgeswaai het.
- Nadia Levenson (16) is in Februarie dood toe sy en 'n maat in 'n brandkraan op 'n sypaadjie in Pietermaritzburg vasgery het.
- Mnr. Henk Venter (25) van Klerksdorp is in Oktober 2006 dood nadat hy tydens 'n vierwielfiets-jaagtog met die polisie in 'n muur vasgery het.
- Mev. Martie Badenhorst (38) is dieselfde maand op slag dood toe sy en haar man, Piet, op 'n vierwielfiets in 'n boom vasgery het.
- 'n Durbanse vrou is in Augustus 2006 in 'n vierwieler-ongeluk dood tydens 'n begeleide toer in die Drakensberge. Sy was 'n passasier.
- Me. Estelle Pretorius (39) van Randfontein is in Julie 2006 dood toe sy by die Dirt Bronco-rybaan in 'n ketting vasgery het wat oor die pad gespan was.
- Vlam Viljoen (17) van Zeerust is in April 2006 in 'n botsing tussen sy vierwielfiets en 'n tweewiel-motorfiets dood.

Regte toerusting kan trane spaar

LIZEL STEENKAMP
Johannesburg

Tot 360 mense – onder wie 143 kinders – is in 2002 in vierwiel-motorfietsongelukke in Amerika dood en 114 000 beseer.

Hoewel Suid-Afrika nie 'n amptelike sterftesyfer vir vierwielmotorfiets-ongelukke het nie, sê rolspelers wetgewing moet ingestel word om dié gevaarlike speelgoed te reguleer.

Tans is daar net wetgewing wat vierwiel-motorfietse op openbare paaie verbied, maar geen ouderdomsperk óf wet wat beskermende klere vereis nie.

“Die Automobiel-Assosiasie (AA) meen nuwe regulasies moet gepromulgeer word juis omdat vierwielfietse so gewild geword het,” sê mnr. Gary Ronald, woordvoerder van die AA.

Ook mnr. Derick Lategan, eienaar van die African Outdoor Group, wat opleiding verskaf, sê wetgewing moet volwassenes en kinders verplig om 'n kursus in die ry van die fietse by 'n geakkrediteerde instansie te voltooi.

'n Dokter wat nie sy naam genoem wil hê nie, sê hy behandel minstens een pasiënt per week wat in só 'n ongeluk was. “Hulle kry baie seer. Daar is kop- en borsbeserings, asook erge ruggraatbeserings.”

'n Span neurochirurge wat jare lank navorsing oor vierwiel-motorfietsongelukke in Amerika gedoen het, dring nou daarop aan dat Amerikaanse wetgewing verander word om kinders jonger as sestien te verbied om daarmee te ry.

Dr. Tao Sung Park en sy kollegas van die St. Louis-kinderhospitaal in Missouri se bevindings is verlede jaar in die Journal of Neurosurgery gepubliseer.

Park sê kinders kan lewensgevaarlike kopbeserings opdoen of gestrend gelaat word.

Van die 185 pasiënte wat daar weens vierwiel-motorfietsongelukke opgeneem is, het 62 neurologiese beserings opgedoen.

Hiervan was 37 skedelbreuke, 39 breinbloedings en 11 ruggraatbeserings.

Die pasiënte se gemiddelde ouderdom was twaalf jaar, maar daar was selfs een van net drie. Net 22% het valhelms gedra.

Dr. Fanie Hattingh van Netcare 911 sê dié nooddiens hou nog nie statistieke van pasiënte wat in vierwiel-motorfietsongelukke was nie.

“Maar as ek kyk na die soort beserings wat ons behandel, is wetgewing beslis nodig.”

Volgens me. Mande Toubkin, ook van Netcare, word die meeste van die mense in vierwiel-motorfietsongelukke met kopbeserings opgeneem.

“Ons meen daar is veral onvoldoende toesig wanneer kinders op vierwiel-motorfietse ry.”

Die stadigste vierwiel-motorfiets wat vir kinders bedoel is, kan 'n snelheid van tot 60 km/h haal en weeg minstens 150 kg. Fietse vir volwassenes se topsnelheid is 145 km/h en weeg 350 kg, sê Lategan.

Die verkope van vierwiel-motorfietse het die afgelope twaalf maande met 26% afgeneem.

Maar volgens mnr. Maurice Britten, direkteur van die vereniging van motorfietsvervaardigers en -verspreiders (Amid), hou dit eerder met hoër rentekoerse verband. Luidens Amid se jongste statistieke is sowat 21 000 vierwielmotorfietse verlede jaar in Suid-Afrika verkoop en 7 000 van Januarie tot 30 Junie vanjaar.